

11 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 4:31-44

Die Here maak jou vry om waarlik te lewe

Die Seun van God het mens geword om die ryk van die duisternis te verbreek en mense te bevry sodat God weer in hulle lewens geëer kan word. Daarom bots die Messias uit die staanspoor kop teen kop met die duiwel in die stryd om die koninkryk.

Ons het pas gesien hoe die ongeloof van die mense in Nasaret verhinder het dat Jesus daar wonderwerke doen. So sou dit telkens die geval wees: waar nie geloof is nie, is ook nie wonders nie. Waar Jesus egter as die Messias, Seun van God, bely word, vind daar talle wonders plaas. In Lukas 4:31-44 lees ons van 'n man wat in die sinagoge van Kapernaüm van 'n onrein gees bevry is en van Petrus se skoonmoeder wat van 'n hewige koorsaantal genees is. In beide gevalle verydel Jesus die werk en wil van die duiwel en sien ons hoe die koninkryk van God deurbreek daarin dat twee lewens bevry word vir diens aan God.

Hier lees ons in 4:43 vir die eerste keer in die Lukasevangelie van die **koninkryk van God**. Hierdie is veral 'n dinamiese begrip wat vir ons sê **dát God regeer**. Op elke plek waar Gód se wil geskied en die duiwel se wil verydel word; waar liefde kom in die plek van haat; waar 'n sieke genesing ontvang; waar hoop kom in die plek van wanhoop – daar breek die koninkryk van God deur!

Verbly jou in die deurbrake van God se koninkryk wat daaglik in en om jou plaasvind. Dank Hom vir elke genesing en vir elke lewe wat van die bande van sonde bevry word. En hoewel elke siekte nie in hierdie bedeling genees word nie, weet jy dat God se wil vir jou lewe 'n wil van volkome bevryding van die sonde en sy gevolge is. Daarom mag jy gelowig uitsien na die neerdaling van die nuwe Jerusalem, waar Satan finaal gebind sal word en God se koningswil volkome sal geskied – ook dáárin dat jy na liggaam en na siel volkome oor siekte en dood sal triomfeer!

Sing: Psalm 86:3,6

Ds JJ Cloete (Koster)